



ONS NUUSBRIEF

GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

01 NOVEMBER 2026

Nr 44



Predikant:	<i>Ds Kobus Botha</i>	Skriba/	<i>Pieter du Plessis</i>
	051 436 2930/082 410 7447	Koster:	082 570 1804
Orrelis:	<i>Louri Coetzee</i>	Kerkkantoor:	051 436 2932/082 570 1804
	083 776 6989	Kantoorure:	Per afspraak
Diakonie:	<i>Voorsitter: Muller Heyns</i>	Posadres:	Posbus 28182, DANHOF 9310
	072 469 7778	E-posadres	kantoor@gkbfnnoord.co.za
Susters:	<i>Voorsitter: Ester Botha</i>	Webwerf:	www.gkbfnnoord.co.za
	072 784 9451	Facebook:	https://web.facebook.com/gkbfnnoord
Katkisasie:	<i>Karien van Rooyen</i>	Kassier:	<i>Mariza Mosca</i>
	079 888 8910		082 405 8565
Lesotho Uitreik/ Kerkkantoor		Kerk:	ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065
Evangelisasie:	082 570 1804	Diakonie:	ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026
Zapper-kode vir kerklike bydraes:		Sustershulpdiens:	ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 of CAPITEC (470010) Tjekrek no 260 552 7731



VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwenne vir die nuwe lewensjaar!

01 Nov: Ds Kobus Botha	082 410 7447	03 Nov: Sr Elize Mostert	083 377 8695
01 Nov: Br Francois Venter	083 780 7299	04 Nov: Br Elandré Nel	076 130 0751
01 Nov: Br Stephan Kruger	079 979 9880	04 Nov: Br Steva Klopper	083 378 5952
02 Nov: Oudl Francois Venter	082 229 4411	05 Nov: Chandrei Patterson	083 500 7136
02 Nov: Sr Hester Gresse	066 284 8550	06 Nov: Sr Ester Botha	072 784 9451
02 Nov: Sr Lettie van Wyk	083 301 8063	07 Nov: Sr Kotie Fourie	082 923 5412
02 Nov: Sr Marie Coetzee	082 835 6150		

ONS PREDIKANTSPAAR VERJAAR

Ds Kobus verjaar hierdie Sondag en sr Ester eerskomende Vrydag, 06 November. Ons vier hulle verjaarsdae hierdie Sondag saam met hulle tydens 'n teegeselligheid na afloop van die erediens in die *Wikus Vorster Saal* waarheen almal hartlik uitgenooi word.

Ons wil ook langs hierdie weg ons hartlikste gelukwense aan hulle oordra en hulle die Here se oorfloedige seën toebid. Ons is werklik besonder geseën om 'n predikant van sy statuur en innemende persoonlikheid te hê

wat met groot ywer en toewyding in die gemeente arbei. Bo en behalwe vir sy skrifgetroue preke waarna ons Sondag na Sondag kan luister, doen hy ook gereeld huisbesoeke en hospitaalbesoeke en behartig katkisasie en Bybelstudie. Wat sr Ester betref, het ons groot waardering nie net vir haar leiding as voorsitter van die Sustersvereniging nie, maar ook op talle ander terreine in die gemeente. Ons bid hulle die krag, genade en seën van ons Almagtige God en Hemelse Vader toe!

KATKISASIE EN TEEBEDIENING

Die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskoolkinders en Gr 8 leerders word direk na die erediens in die kerkgebou gehou. Die verjaarsdagtee vir die

predikantspaar vervang die normale teebediening. Volgende Sondag sal wyk **Dealeweg** verantwoordelik wees vir die teebediening.

KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se **Kas van Barmhartigheid** terwyl die

kollekte by die deure bestem is vir die **Pres Kruger Kinderhuis** te Reddersburg.

HARTLIK GELUK AAN...

Oudl Izak en sr Jana Roux van Albrechtstraat 87 met die geboorte van 'n dogtertjie, **Ina**,

'n sussie vir klein **Marko**. Mag sy vir hulle baie vreugde en geluk bring!

KERSSANGDIENS

Die jaarlikse Kerssangdiens sal vanjaar DV op Sondagand, 29 November 2026, om 18:00 in ons kerkgebou gehou word. Lidmate kan nou al u vriende

hiervan vertel, want dit is altyd 'n spesiale geleentheid wat deur ons orrelis, **br Louri Coetzee**, gereël word en waarmee hy baie moeite doen!

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroep ontvang:

- Ds KP (Karel) Steyn van GK Port Elizabeth na GK Benoni as medeleraar.

SUSTERSAAMTREK

Al die susters van die gemeente word uitgenooi om DV op Saterdag 07 November en 14 November 2026 by **Morganstraat 18** te help om blomme te vou en servette te

stryk vir die Sustersaamtrek. Kom drink saam tee en help vou vanaf 10:00 tot 12:00. Laat weet asseblief vir **sr Ester** by 072 784 9451 indien jy wil help.

GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere ¹gemeenskap van gelowiges en ²diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

Gemeentebou aksies:

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
 - a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):
Nerina Venter – 082 884 4465*
 - a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):
Nerina Venter – 082 884 4465*
 - a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
 - a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.
6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
 - a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
 - b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

Pitkos

Hebreërs 7 vers 25: Daarom kan Hy ook die wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos : Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.

Christus het mens geword, as mens is Hy gekruisig om vir ons sondes te betaal. Hy het opgevaar na die Hemel en doen deurentyd voorspraak vir ons by God. Anders as die priesters van ouds wat een maal per jaar vir die volk voorspraak kon doen.

HUISOPPASSER

'n Vriendin van **oudl Wikus en sr Machteld du Plessis**, Adri de Klerk en haar 17 jarige seun, is bereid om vanaf 10 tot 19 Desember die huis en troeteldiere van 'n lidmaat op te pas sou daar so 'n behoefte bestaan. Sy kan gekontak word by 082 804 4775.

HULPVERLENING AAN BEHOEFTIGE

Na aanleiding van verlede week se versoek, wil ons dié lidmate wat behulpsaam was om vir Clinton skoene en 'n baadjie te voorsien, van harte bedank vir hulle meelewendheid. *Daar word nog gesoek na 'n enkelbed matras.* Indien daar van ons lidmate is wat hiermee kan help, kan hulle vir sr Nerina kontak by 082 884 4465.

BELANGRIKE DATUMS IN DIE KWARTAAL

Sondag 01 November
Vrydag 06 November
Sondag 15 November

Ds Kobus verjaar
Sr Ester Botha verjaar
Voorbereidingsdiens
Ouderlinge en Diakens vergader
afsonderlik

Sondag 22 November
Sondag 29 November

NAGMAAL en Gemeente-ete
Nabetragtingsdiens
Kerssangdiens

Woensdag 09 Desember
Woensdag 16 Desember
Vrydag 25 Desember

Skole sluit
Versoeningsdag - Geloftediens om 09:00
Kersdag – Erediens om 09:00

LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Ester 4:1-17
Teks : Ester 4:14b
Sang : Lb 169:1,2,3
: Sb 1-6:1,2,3
: Sb 8-1:1,2
: Sb 7-2:1,2
: Sb 11-2:1,2,4

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Here God is ons krag en ons
beskerming, die Here gee genade
en eer, Hy weerhou die goeie nie
van die wat reg lewe nie.
Here, Almagtige, dit gaan goed met
die mens wat op U vertrou!
Psalm 84:12,13



Mia-Lee
has found a
100% MATCH
Stem-cell DONOR

Hope has found a way!

After a difficult journey, the good news is finally here...
Mia-Lee has a 100% matched stem-cell donor!

This is a huge step forward in her fight and gives her the best chance for a healthy future.

Thank you to everyone who has supported, registered and shared her story.

Mia-Lee
WARRIOR PRINCESS
STEM CELL TRANSPLANT
HOPE ♥ STRENGTH ♥ LIFE

Ons het onlangs berig oor **sr Chrissie Coetzee** van Sewe Damme wie se kleinkind 'n beenmurgoorplanting benodig. Sy het versoek dat ons terugvoering vir die gemeente gee en sy wil graag namens haar kinders almal bedank vir hulle meelewing en gebede!



Hulpentrum
Winkel



DIE Hulpentrum Winkel in Venterstad verkoop u skenkings ten bate van die 2 Sopkombuise waar 400 kinders daaglikse kos kry. Daar is 'n groot behoefte aan HUISWARE, GORDYNE, LAKENS en KINDERKLERE.

Ons waardeer elke bydrae. Baie dankie dat u omgee.
0723909019



MERK ASSEBLIEF U SKENKING: VENTERSTAD.



Sopkombuis
Ikhitshi Lesuphu



**YOUR R100 CAN FEED
100 CHILDREN.**

The two soup kitchens in Venterstad provide food for 400 children daily. Become part of this very special community project.

WE NEED YOUR HELP!

"Now faith, hope, and love remain - these three things - and the greatest of these is love."
1 Corinthians 13:13

ABSA GKV Hulpentrum Savings 906 446 3273 Code 632005
Under the banner of the Reformed Church Venterstad Help Centre.

072 390 9019

- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 906 446 3273 Kode 632005**
- **<https://pay.yoco.com/gkv-hulpentrum>**
<https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr>

www.toibo.org.za

KINDERVREUGDE

**HELP ONS ASSEBLIEF SODAT
494 KINDERS WAT MAALTYE BY DIE
SKOLE NUTTIG, OOK VOEDSEL OP
DIE TAFEL HET GEDURENDE DIE
FEESTYD**

GESKENK VAN HOOP

SKENK NIE-BEDERFBARE VOEDSEL VOOR

10 NOVEMBER 2026 LYS BESKIKBAAR

**TRANSORANJE INSTITUUT VIR
BUITENGEWONE ONDERWYS**

**TEL & WHATSAPP
076 143 6961**

**ABSA TJEKREK NR
020 840 145
VERWYS: VM**

SAAMTREK 2027
SATERDAG 6 MAART 2027

Tema: Kyk na die lelies...

LET OP HOE GROEI DIE VELDLELIES:
HULLE SWOEG NIE EN HULLE MAAK NIE KLERE NIE...
(MATT 6:28)



Begin jou
**Teologiese
Studies**
in 2027



Ontdek die studiemoontlikhede by Mukhanyo Theological College.



Wil jy jou begrip van die Skrif verdiep? Wil jy in die bediening staan?

Wil jy jou diensbaarheid in die gemeente bevorder?

Mukhanyo Theological College bied teologiese opleiding vir jou!

By Mukhanyo glo ons dat deeglike Bybelse opleiding noodsaaklik is om
Christene toe te rus om God se Woord te verstaan en Hom getrou te dien.

NEEM DIE VOLGENDE STAP | DOEN AANSOEK VIR 2027

Vir meer inligting stuur 'n e-pos aan study@mtc.ac.za

of besoek www.mtc.ac.za



G K B L O E M P A R K

Kerssangdiens

*Kom luister, kom sing, kom eer God in dankbaarheid
vir ons grootste Kersgeskenk*

Sondag 22 November 2026
18:00



saam met

**Du Preez &
Jana Stoltz**

NA DIE EREDIENS
Heerlike vrugteslaai en roomys

Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid



Tubelfees

'N VIERING VAN GOD SE GENADE DEUR MUSIEK

Die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid nooi u hartlik
uit na 'n besondere orreluitvoering deur die
wêreldberoemde Suid-Afrikaanse orrelis en pianis
Dr. Johan Cromhout

Dr. Cromhout se uitvoering beloof om 'n aand van
meesterlike musiek, indrukwekkende klanke en 'n
besondere atmosfeer te wees.

**Hierdie is meer as net 'n konsert — dit is 'n viering
van 75 jaar van God se genade met musiek wat die
geleentheid waardig is.**



Datum: Donderdag 19 November 2026



Tyd: 19:00



Plek: Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid



Toegang: GRATIS ('n Sagte kollekte sal by die deure)



**Bring u familie. Nooi u vriende.
Kom beleef die aand saam met ons.**